# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 3 18 Oktober 2020

## Markus 12:28-34

Gedurende Jesus se leeftyd was daar reeds honderde wette en bepalinge. Sommige van die geestelike leiers het probeer onderskei tussen groot en klein wette, terwyl ander weer verkondig het dat alle wette ewe belangrik is en dat dit gevaarlik is om enige onderskeid te tref. Juis hieroor het die skrifgeleerde van ons teksgedeelte die vraag aan Jesus gerig: “Wat is die heel grootste gebod?” (vers 28). Hierdie vraag van die skrifgeleerde kon ’n argument onder die verskillende groepe laat ontstaan het oor wat gedoen en wat gelaat kon word, maar Jesus se antwoord som die hele wet van God op met verse 29 tot 31 wat sê: “Die eerste is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

God se wette is nie so baie of ingewikkeld, dat dit ons onnodig beperk nie. Hulle kan saamgevat word in twee eenvoudige lewensreëls: jy moet God liefhê en jy moet jou medemens liefhê. Hierdie opdragte kom ook uit die Ou Testament (sien Levitikus 19:18 en Deuteronomium 6:5).

As ’n mens God liefhet en jou medemens liefhet, soos liefde vir jouself ’n werklikheid is, is jy getrou aan die doel van die Tien Gebooie en al die ander Ou-Testamentiese wette. Volgens Jesus is hierdie ’n samevatting van al die wette van God. Ons gedagtes, besluite en optrede moet daarvolgens geskik word. As ons onseker is oor wat ons te doen staan, moet ons onsself afvra watter optrede die beste bewys sal lewer van ’n liefde vir God en ons medemens.

Die skrifgeleerde het getoon dat hy die doel met God se wet, naamlik dat opregte liefde beter is as uiterlike maar leë gehoorsaamheid of offers (1 Samuel 15:22), reg verstaan. Die volgende stap moes geloof wees in Jesus, wat by hom staan en dit is die beslissende stap wat geneem moet word deur iemand wat Jesus wil navolg.

Die skrifgeleerde was só besig met die godsdiens van sy tyd, dat hy die persoonlike verhouding met God heeltemal vergeet het! In plaas daarvan dat hy sê dat die Here ons God die enigste Here is, sê hy bloot dat God een is en dat daar geen ander as Hy is nie. In plaas daarvan dat hy sê jy moet die Here liefhê met jou hele hart en jou hele siel en jou hele verstand en met al jou krag, word dit met die hele verstand, met die hele hart, die hele siel, die hele krag. En in plaas van jou naaste, word dit die naaste.

In 1 Johannes 4:10-11 sê: “Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.” Johannes leer ons hier dat hierdie liefde van God kom. Daarom dat elkeen van ons juis moet smeek en bid dat God deur die Heilige Gees aan elkeen van ons hierdie besonderse, onvoorwaardelike liefde sal gee. Paulus leer ons mos dat liefde nie net die groot gebod is nie, maar dat dit ook die grootste gawe van die Heilige Gees is. Smeek daarom dat die Heilige Gees hierdie liefde vir God en vir jou naaste in jou hart sal werk en laat hierdie onbeskryflike liefde dus bepaal hoe jy jou lewe inrig.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- 1 Johannes 4:7-12 -

### Loflied

- Praat ek mense (LB 530) -

### Skriflesing en Oordenking

- Markus 12:28-34 -

### Wil van die Here (Wet)

-

### Skuldbelydenis

-

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

-

### Geloofsbelydenis

- God is liefde (LB 334) -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

-

# Delf dieper

## Ons gebod: Liefde




https://youtu.be/uOp31bcujwc

## 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit met jou?
2. Wat dink jy beteken die woord liefde?

## 2) Na God:

1. Lees Markus 12:28-34 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
   a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
   b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat is die wet wat ons elke dag moet volhou?
3. Wat beteken liefde vir God?

## 3) Na mense:

1. Hoe gaan jy hierdie week in liefde optree teenoor ander?

# ONS GEBOD


## Markus 12:28-34

Kan jy onthou dat ons laas week oor "ons roeping" geleer het? As jy nie kan onthou nie kan jy in die Kruin-o-gram gaan kyk. Hierdie week leer ons meer oor "ons gebod". Het jy dit laas week gaan soek in jou Bybel? Kom ons kyk veral na vers 29 tot 31:

*29 Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die*
*enigste Here. 30 Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou*
*hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' 31 Die tweede is: 'Jy moet*
*jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."*

Hierdie gedeelte moet vir jou bekend klink omdat ons dit al baie keer gelees het. In laas week se gedeelte is jy gevra hoe ons vir ander mense kan wys dat ons Jesus se dissipels is. Die belangrikste antwoord op daardie vraag is natuurlik liefde. Ons moet vir Jesus lief wees en vir die mense rondom ons en ons moet dit vir hulle wys. Daar is baie maniere hoe ons dit kan doen. Ons kan byvoorbeeld 'n maatjie help wat sukkel met huiswerk of ons kan ouer mense help om inkopiesakkies te dra. Daar is so baie dinge wat ons kan doen om vir die mense om ons te wys dat ons lief is vir hulle. Nog 'n manier is om diensbaar te wees. Doen die aktiwiteit op die laaste bladsy om idees te kry oor hoe jy diensbaar kan wees. Kan jy onthou dat ons al daaroor geleer het? Gaan kyk in die Kruin-o-gram van 12 Julie as jy weer daaroor wil lees.

Hoe dink jy kan ons vir God wys dat ons vir Hom lief is? Skryf jou idees in die wolkie:



Uitdaging!

Probeer om elke dag hierdie week iets te doen om liefde te wys aan ander mense. Skryf dit dan neer. Skryf ook neer as jy miskien iets gedoen het wat nie liefde gewys het nie en dink wat jy eerder volgende kan doen.

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 18 Oktober** | |
| Ockie Deetlefs | 082 399 8952 |
| Mareli du Toit | 082 820 0343 |
| Hendrik Kamffer | 076 411 8256 |
| Marlize Olivier | 012 804 3512 |
| Rita Pieters | 072 188 0737 |
| **Maandag 19 Oktober** | |
| Ignatius du Preez | 012 807 1053 |
| Danny Neethling | 012 804 7802 |
| **Dinsdag 20 Oktober** | |
| Renier Botha | 084 508 1878 |
| **Woensdag 21 Oktober** | |
| Aiden Gerber | 073 806 5459 |
| Danielle van Wyk | 012 804 5652 |
| **Vrydag 23 Oktober** | |
| Edward Coupe | |
| Jan Lottering | 012 548 0708 |
| Lisa Schnetler | 012 804 6183 |
| Brenda-Lee Smith | 012 804 3197 |
| **Saterdag 24 Oktober** | |
| Andries du Toit | 084 235 6730 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Nic Visser - George Coetzer
Charles Du Plessis (ICU Wilgers)

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans (Skouer 26/10/2020)

**AFSTERWE**
Dr. Andries Smit - Oom Gawie Veldsman

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert
Mariska en Ruan Auret

**GEBOORTES**
Talita en Francois Mőller - Zuan (29/08/2020)
Estelle Jansen van Nieuwenhuizen - Nathan

**ONS BID OOK VIR**
'n Egpaar in ons gemeente met ernstige huweliksprobleme

